## BOEKBESPREKING.

Wending: Maandblad voor Evangelie Cultuur. Per jaar £1 2s.

Hierdie goed geredigeerde tydskrif dank sy ontstaan aan die inisiatief van die Urgensieraad van die Algemene Sinode van die Nederlandse Hervormde Kerk. Dit is nie alleen vir teoloë bestem nie maar ook vir ander persone. Die artikels is deeglik en goed geskryf. As voorbeeld van die inhoud gee ons die van April 1947:

Dr. J. Dippel: De moraal van het heilig voorhangsel voor het yzeren gordijn.
F. H. Landsman: De uitspraak van de Generale Synode der Ned. Hervormde Kerk inzake het tweede huwelijk.
F. J. Pop: Kerk en echtscheiding.
J. G. van der Ploeg: Roosevelt, de Socialist.
Prof. M. P. Vrij: De verantwoordelijkheid van den jurist.
Dr. Ph. J. Idenburg: Boekbespreking.
Dr. Ph. J. Idenburg: Boekbespreking.
Dr. C. L. Patijn: Buitenlandsche Kroniek.

Ons hoop dat hierdie tydskrif ook verskillende intekenaars in Suid-Afrika sal kry, en veral onder ons predikante. Dit word warm aanbeveel.

S.P.E.

## BOEKBESPREKING.

Nederlandsch Theologisch Tijdschrift, H. Veenman en Zonen, Wageningen, Nederland. Intekenprys 10 gulden per jaar.

Hierdie tweemaandelikse tydskrif is uitgegee namens die Teologiese Fakulteite van die Ryksuniversiteite te Leiden, Groningen en Utrecht en van die Universiteit van Amsterdam (die gemeentelike, wat nie verwar moet word met die sogenaamde Vrye Universiteit, 'n Greformeerde stigting nie). In hierdie tydskrif is opgeneem die „Nieuwe Theologische Studiën", wat tydens die Duitse besetting opgehou het om te verskyn.

Ons verwelkom die verskyning van hierdie tydskrif in die eerste plek omdat dit 'n bewys is van die strewe na eendragtige samewerking wat hom sinds die oorlog op verskillende gebied in die Nederlandse Hervormde Kerk openbaar. Verder ook omdat dit die teoloog in Suid-Afrika 'n goeie geleentheid bied om op die hoogte te kom en te bly van die teologiese probleme wat op die oomblik in Holland die meeste aandag trek. Tenslotte omdat die bibliografiese gedeelte in elke nommer vir enige teoloog nuttige gegewens bevat.

Daarom beveel ons aan dat die Afrikaanse teoloë kennis neem van hierdie belangrike periodiek en daarop inteken. Die prys, omtrent een pond in die jaar, kan vir niemand 'n beswaar wees nie. Vir daardie geringe bedrag ontvang die intekenaar ses maal in die jaar 64 bladsye betroubare wetenskaplike voorligting.

Uit die inhoud van die vier nommers wat tot nou toe verskyn het vermeld ons die volgende studies: Vriezen skrywe oor die boek Prediker en die agterggrond van sy wysheid; De Boer gee 'n behandeling van die geskiedenis van Jakob in Pniël; De Zwaan handel oor ekklesia in die N.T.; Van Oyen gee 'n studie oor „Liefde, gerechtigheid en recht", waarin hy polemiseer teen die gedagtes van Lekkerkerker en Van Ruler oor die versoening; Lekkerkerker antwoord met 'n opstel wat die titel dra van „Dialectisch spreken over de verzoening". Hierdie hoogstaande discussie eer altwee die skrywers en die tydskrif waarin dit verskyn. Verder vind ons hier die teks van 'n lesing van Van der Leeuw, wat ook in Pretoria aandag getrek het, oor die anthropologie en die verhouding tussen die Rooms-Katolieke en die Hervormdes.

Daar is geen twyfel nie of hierdie tydskrif sal, as die volgende nommers en jaargange dieselfde hoë peil handhaaf, die leidende teologiese orgaan in Nederland word.

A. v. S.

Dr. W. J. Kooiman: Maarten Luther, Doctor der Heilige Schrift Reformator der Kerk. Uitgevery W. ten Have N.V., Amsterdam. Prys ongeveer 12/6.

Dit gebeur menigmaal dat my gevra word na 'n goeie betroubare lewensbeskrywing bv. van Luther of Calvyn, en wat so geskryf is dat die nie-vakman dit ook kan lees. Hier is 'n sodanige lewensbeskrywing van Maarten Luther. Die skrywer, dr. W. J. Kooiman, is sinds verlede jaar professor in die kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Amsterdam en aan die Seminarie van die Lutherse Kerk. Dus 'n man wat goed op die hoogte is en wat Luther ken. Hierdie lewensgeskiedenis is soos hy dit gewoon was om aan sy katkisante te vertel toe hy nog predikant was. In die beskrywing van die jeugd van Luther en sy geestelike ontwikkeling het hy soveel as moontlik is Luther self aan die woord gelaat, en mens vind dan ook verskillende aanhalings uit sy briewe. Aan die slot van sy „Woord Vooraf" sê die skrywer: „Luther staat nog in onzen tijd, in de wereld, in de kerk. Hij is niet verouderd. Wat hij te zeggen heeft, is menigmaal misverstaan, niet het minst in de laatste jaren. Hij wordt ook nu nog onder ons dikwijls zeer eenzijdig geïnterpreteerd. Luther was geen „Duitsch Christen". Hij was geen held op het gebied der cultuur. Ook was hij geen religieus genie. Evenmin was hij de herant der gewetensvrijheid tegenover den dwang van het dogma. Wat hij wel was, daarvan wil dit boek iets vertellen. Het kan, om kort te gaan, in twee woorden worden gezegd: doctor der Heilige Schrift en reformator van de kerk van Christus."

Ons sal graag hierdie boek in hande van al onse predikante en van baie gemeentelede sien. Die skrywer het van die nuutste gegewens gebruik gemaak, en die geheel lees baie aangenaam.

S.P.E.